



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE
STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REGULATION GAZETTE No. 1261

Registered at the Post Office as a Newspaper

PRICE 10c PRYS

OVERSEAS 15c OORSEE

POST FREE — POSVRY

REGULASIEKOERANT No. 1261

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

VOL. 58]

PRETORIA, 24 APRIL 1970
24 APRIL

[No. 2689

PROCLAMATION

*by the State President of the Republic
of South Africa*

No. R. 119, 1970

REGISTRATION OF EXPORTERS OF TABLE POULTRY, THE CANCELLATION OF CERTIFICATES OF REGISTRATION AND THE CONDITIONS WITH WHICH A PERSON SHALL APPLY BEFORE HIS REGISTRATION TAKES PLACE.—REVOCATION

Under the powers vested in me by section 6 of the Agricultural Produce Export Act (No. 10 of 1959), I hereby repeal Proclamation R. 243 of 1964.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Thirteenth day of April, One thousand Nine hundred and Seventy.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

D. C. H. UYS.

PROKLAMASIE

*van die Staatspresident van die Republiek
van Suid-Afrika*

No. R. 119, 1970

REGISTRASIE VAN UITVOERDERS VAN SLAG-PLUIMVEE, DIE INTREKKING VAN REGISTRASIESERTIFIKATE EN DIE VOORWAARDES WAARAAN IEMAND MOET VOLDOEN VOORDAT SY REGISTRASIE GESKIED.—HERROEPING

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 6 van die Wet op Uitvoer van Landbouprodukte (No. 10 van 1959), herroep ek hierby Proklamasie R. 243 van 1964.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Dertiende dag van April Eenduisend Negehonderd-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

D. C. H. UYS.

GOVERNMENT NOTICES

**DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS
AND MARKETING**

No. R. 649

24 April 1970

**MEAT TRADE CONTROL REGULATIONS,
SOUTH-WEST AFRICA.—AMENDMENT**

The Minister of Agriculture has under the powers vested in him by section 9 of the Meat Trade Control Ordinance (S.W.A.), 1962 (No. 20 of 1962), as amended, read with section 19 of the South-West Africa Affairs Act, 1969 (No. 25 of 1969), further amended the Meat Trade Control Regulations, published by Government Notice (S.W.A.) 87 of 1 June 1963, as amended, as set out in the Schedule hereto.

A—49403

GOEWERMENSKENNISGEWINGS

**DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE
EN -BEMARKING**

No. R. 649

24 April 1970

**REGULASIES OOR DIE BEHEER VAN DIE VLEIS-
HANDEL, SUIDWES-AFRIKA.—WYSIGING**

Die Minister van Landbou het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 9 van die Vleishandelbeheer-ordonnansie (S.W.A.), 1962 (No. 20 van 1962), soos gewysig, saamgelees met artikel 19 van die Wet op Aangeleenthede met betrekking tot Suidwes-Afrika, 1969 (No. 25 van 1969), die Regulasies oor die Beheer van die Vleishandel, afgekondig by Goewermentskennisgewing (S.W.A.) 87 van 1 Junie 1963, soos gewysig, verder gewysig soos in die Bylae hiervan uiteengesit.

1—2689

SCHEDULE

The Meat Trade Control Regulations, Published by Government Notice (S.W.A.) 87 of 1 June 1963, as amended, are hereby further amended by the deletion of regulation 11.

DEPARTMENT OF BANTU EDUCATION

No. R. 606

24 April 1970

STATUTE OF THE UNIVERSITY OF THE NORTH

The Minister of Bantu Education has, by virtue of the powers vested in him by section 33 (2) of the University of the North Act, 1969 (Act 47 of 1969), approved the following statute of the University of the North:

STATUTE

Definitions

1. In this statute "the Act" shall mean the University of the North Act, 1969 (Act 47 of 1969), and unless the context otherwise indicates, any expression to which a meaning has been assigned in the Act, shall have the meaning so assigned thereto.

Chancellor

Mode of election

2. (1) Nomination of any candidate for election as chancellor shall be by letter and shall be signed by at least two members of the Council.

(2) Each nomination shall be accompanied by a document in which the person nominated signifies his willingness to accept nomination.

(3) Nominations shall reach the registrar at least fourteen days before the date of the election.

(4) On receipt of such nominations the registrar shall immediately notify each member of the Council of such nominations.

(5) The chancellor shall be elected by ballot at a meeting of the Council.

(6) The candidate in whose favour a majority of votes of the total number of serving members of the Council is recorded, shall be declared duly elected by the person presiding at the meeting concerned.

Powers and period of office

3. (1) The chancellor shall be the titular head of the University and shall, subject to the provisions of the Act, confer degrees in the name of the University.

(2) The chancellor shall hold office for a period of seven years, unless before the expiry of such period he resigns or is at the request of the Council removed from office by the Minister for a reason which the Minister deems sufficient.

Vacancy

4. Whenever the office of the chancellor becomes vacant, the registrar shall notify each member of the Council of such vacancy, and the Council shall as soon as possible elect a new chancellor as prescribed in paragraph 2.

BYLAE

Die Regulasies oor die Beheer van die Vleishandel, afgekondig by Goewermentskennisgewing (S.W.A.) 87 van 1 Junie 1963, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur regulasie 11 te skrap.

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ONDERWYS

No. R. 606

24 April 1970

STATUUT VAN DIE UNIVERSITEIT VAN DIE NOORDE

Die Minister van Bantoe-onderwys het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 33 (2) van die Wet op die Universiteit van die Noorde, 1969 (Wet 47 van 1969), onderstaande statuut van die Universiteit van die Noorde goedgekeur:

STATUUT

Woordomskrywing

1. In hierdie statuut beteken "die Wet" die Wet op die Universiteit van die Noorde, 1969 (Wet 47 van 1969), en tensy uit die samehang anders blyk, het 'n uitdrukking waaraan in die Wet 'n betekenis geheg is, die betekenis aldus daaraan geheg.

Kanselier

Wyse van verkiesing

2. (1) Nominasie van 'n kandidaat vir verkiesing as kanselier moet per brief geskied en moet deur minstens twee raadslede onderteken word.

(2) Elke nominasie moet vergesel gaan van 'n dokument waarin die genomineerde persoon sy gewilligheid om nominasie te aanvaar, te kenne gee.

(3) Nominasies moet die registrateur minstens veertien dae voor die datum van die verkiesing bereik.

(4) By ontvangs van sodanige nominasies stel die registrateur onmiddellik elke lid van die Raad daarvan in kennis.

(5) Die kanselier word gekies op 'n vergadering van die Raad by wyse van geslote stembriewe.

(6) Die kandidaat ten gunste van wie 'n meerderheid stemme van die totale aantal dienende lede van die Raad aangeteken word, word deur die persoon wat op die betrokke vergadering voorsit, behoorlik verkose verklaar.

Bevoegdhede en ampsduur

3. (1) Die kanselier is die titulêre hoof van die Universiteit en ken, behoudens die bepalings van die Wet, grade namens die Universiteit toe.

(2) Die kanselier beklee sy amp vir 'n termyn van sewe jaar, tensy hy voor die verstryking van die termyn bedank of op versoek van die Raad deur die Minister afgesit word om 'n rede wat die Minister voldoende ag.

Vakature

4. Wanneer die amp van kanselier vakant word, gee die registrateur aan elke lid van die Raad kennis van sodanige vakature, en kies die Raad so gou doenlik 'n nuwe kanselier soos in paragraaf 2 voorgeskryf.

DEPARTMENT OF CUSTOMS AND EXCISE

No. R. 612

24 April 1970

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.—AMENDMENT OF SCHEDULE 1 (No. 1/1/18)

I, Nicolaas Diederichs, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule 1 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS, Minister of Finance.

DEPARTEMENT VAN DOEANE EN AKSYNS

No. R. 612

24 April 1970

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.—WYSIGING VAN BYLAE 1 (No. 1/1/18)

Ek, Nicolaas Diederichs, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae 1 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHS, Minister van Finansies.

SCHEDULE

I Tariff Heading	II Statistical Unit	Rate of Duty		
		III General	IV M.F.N.	V Preferential
28.40 By the substitution for subheading No. 28.40.20 of the following: "28.40.20 Sodium phosphate, monobasic; disodium phosphate; sodium metaphosphate; sodium hexametaphosphate; sodium phosphate, tribasic	lb.	free"		
73.18 By the insertion after subheading No. 73.18.80 of the following: "73.18.85 Double walled steel tubing, copper brazed	lb.	free"		

NOTES.

- (1) Specific provision is made for sodium hexametaphosphate and the duty thereon is reduced from 10% to free.
- (2) Specific provision is made for copper brazed double walled steel tubing and the duty thereon is reduced from 10% to free.

BYLAE

I Tariefpos	II Statistiese Eenheid	Skaal van reg		
		III Algemeen	IV M.B.N.	V Voorkeur
28.40 Deur subpos No. 28.40.20 deur die volgende te vervang: „28.40.20 Natriumfosfaat, mono-basies; dinatriumfosfaat; natriummetafosfaat; natriumheksametafosfaat; natriumfosfaat, tri-basies	lb.	vry"		
73.18 Deur na subpos No. 73.18.80 die volgende in te voeg: „73.18.85 Dubbelwandstaalbuisleiding, met koper hardgesoldeer	lb.	vry"		

OPMERKINGS.

- (1) Spesifieke voorsiening word gemaak vir natriumheksametafosfaat en die reg daarop word van 10% na vry verlaag.
- (2) Spesifieke voorsiening word gemaak vir dubbelwandstaalbuisleiding, met koper hardgesoldeer, en die reg daarop word van 10% na vry verlaag.

No. R. 613

24 April 1970

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.—AMENDMENT OF SCHEDULE 2 (No. 2/64)

I, Nicolaas Diederichs, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 55 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule 2 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS, Minister of Finance.

No. R. 613

24 April 1970

DOEANE- en AKSYNSWET, 1964.—WYSIGING VAN BYLAE 2 (No. 2/64)

Ek, Nicolaas Diederichs, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 55 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae 2 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHS, Minister van Finansies.

SCHEDULE

I Item	II Tariff Heading and Description	III Rebate Items	IV Territories
207.01	By the substitution for paragraph (3) (d) of tariff heading No. 39.02 of the following: “(d) Sheet, film and foil (not pressure-sensitive) of a thickness not exceeding 0.05 in. (excluding unprinted sheet, film and foil, of a thickness not exceeding 0.002 in.)		Austria E. Germ. Italy U.K. W. Germ.”

NOTE.—The provision for an ordinary anti-dumping duty on unprinted polyvinyl chloride sheet, film and foil (not pressure-sensitive), of a thickness not exceeding 0.002 in., is withdrawn.

BYLAE

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Korting- items	IV Gebiede
207.01	Deur paragraaf (3) (d) van tariefpos No. 39.02 deur die volgende te vervang: „(d) Velle, film en foelie (nie drukgevoelig), met 'n dikte van hoogstens 0.05 dm. (uitgesonderd onbedrukte velle, film en foelie, met 'n dikte van hoogstens 0.002 dm.)		Oostenryk O. Duits. Italië V.K. W. Duits.”

OPMERKING.—Die voorsiening vir 'n gewone anti-dumpingreg op onbedrukte polivinielchloried velle, -film en -foelie (nie drukgevoelig), met 'n dikte van hoogstens 0.002 dm., word ingetrek.

No. R. 614 24 April 1970
CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.—AMENDMENT
OF SCHEDULE 3 (No. 3/227)

I, Nicolaas Diederichs, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule 3 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS, Minister of Finance.

No. R. 614 24 April 1970
DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.—WYSIGING
VAN BYLAE 3 (No. 3/227)

Ek, Nicolaas Diederichs, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae 3 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHS, Minister van Finansies.

SCHEDULE

I Item	II Tariff Heading and Description	III Extent of Rebate
316.10	By the substitution for paragraph (2) of tariff heading No. 85.00 of the following: “(2) Loudspeakers with a maximum diameter of less than 127 mm. or of a value for duty purposes exceeding 100c each; parts of loudspeakers	Not exceeding the preferential duty”

NOTE.—The provision for a rebate of duty on loudspeakers for the manufacture of radios, gramophones and magnetic sound recording and reproducing apparatus and components, is limited to loudspeakers with a maximum diameter of less than 127 mm. or of a value for duty purposes exceeding 100c each.

BYLAE

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Mate van Korting
316.10	Deur paragraaf (2) van tariefpos No. 85.00 deur die volgende te vervang: „(2) Luidsprekers met 'n maksimum deursnee van minder as 127 mm. of met 'n waarde vir belastingdoeleindes van meer as 100c elk; onderdele van luidsprekers	Hoogstens die voorkeurreg”

OPMERKING.—Die voorsiening vir 'n korting op reg op luidsprekers vir die vervaardiging van radio's, grammofoon en magnetiese klankopnemers en -weergewers, en komponente, word beperk tot luidsprekers met 'n maksimum deursnee van minder as 127 mm. of met 'n waarde vir belastingdoeleindes van meer as 100c elk.

No. R. 615

24 April 1970

**CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.—AMENDMENT
OF SCHEDULE 4 (No. 4/61)**

I, Nicolaas Diederichs, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule 4 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS, Minister of Finance.

No. R. 615

24 April 1970

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.—WYSIGING VAN
BYLAE 4 (No. 4/61)

Ek, Nicolaas Diederichs, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 75 van die Doean- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae 4 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hier-
van aangetoon.

N. DIEDERICHS, Minister van Financien.

SCHEDULE

I	II	III
Item	Tariff Heading and Description	Extent of Rebate
411.00	By the substitution for tariff heading No. 89.01 of the following: "89.01 (1) Ships and boats (excluding warships of all kinds, yachts and other sailing vessels, launches, canoes, skiffs, dinghies, rowing boats and other pleasure or sporting craft not provided for elsewhere in this tariff heading and rowing shells of a kind commonly used for boat racing), for such purposes and subject to such conditions as the Minister of Economic Affairs may, on the recommendation of the Board of Trade and Industries, specify by specific permit (2) Sailing-yachts with a hull length of not less than 10 metres, for participation in international ocean racing competitions, in such quantities and at such times as the Secretary for Industries may allow by specific permit	Full duty Full duty"

NOTE.—Provision is made for a rebate of the full duty on yachts with a hull length of not less than 10 metres, for participation in international ocean racing competitions, in such quantities and at such times as the Secretary for Industries may allow by specific permit.

BYLAE

I	II	III
Item	Tariefpos en Beskrywing	Mate van Korting
411.00	Deur tariefpos No. 89.01 deur die volgende te vervang: „89.01 (1) Skepe en bote (uitgesonderd oorlogsskepe van alle soorte, jagte en ander seilbote, barkasse, kano's, roei-bootjies, jolbootjies, roeibote en ander plesier- of sportvaartuie nie elders in hierdie tariefpos voorsien nie en reisisroeibote van 'n soort gewoonlik by bootreisies gebruik), vir die doeleindes en onderworpe aan die voorwaardes wat die Minister van Ekonomiese Sake, op aanbeveling van die Raad van Handel en Nywerheid, by bepaalde permit spesifiseer (2) Seiljagte met 'n romplengte van minstens 10 meter, vir deelname aan internasionale seewedvaarte, in die hoeveelhede en op die tye wat die Sekretaris van Nywerheidswese by bepaalde permit toelaat	Volle reg Volle reg"

OPMERKING.—Voorsiening word gemaak vir 'n volle korting op reg op seiljagte met 'n romplengte van minstens 10 meter, vir deelname aan internasionale seewedvaart, in die hoeveelheid en op die tye wat die Sekretaris van Nvwerheidswese by bepaalde permit toelaat.

DEPARTMENT OF LABOUR

No. R. 603 24 April 1970
INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956
BISCUIT MANUFACTURING INDUSTRY,
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

AMENDMENT OF AGREEMENT

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, hereby—

(a) in terms of section 48 (1) (a) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that all the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Biscuit Manufacturing Industry, shall be binding from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 October 1970, upon the employers' organisation and the trade union which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisation or union; and

(b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the Amending Agreement shall be binding from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 October 1970, upon all employers and employees other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Industry in the Republic of South Africa.

M. VILJOEN, Minister of Labour.

SCHEDULE

NATIONAL INDUSTRIAL COUNCIL OF THE BISCUIT MANUFACTURING INDUSTRY OF SOUTH AFRICA

AGREEMENT

In accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, made and entered into by and between the

Employers' Organisation of the Biscuit Manufacturing Industry of South Africa

hereinafter referred to as "the employers" or "the employers' organisation") of the one part, and the

National Union of Operative Biscuit Makers and Packers of South Africa

hereinafter referred to as "the employees" or "the trade union") of the other part,

being parties to the National Industrial Council of the Biscuit Manufacturing Industry of South Africa, to amend the Agreement published under Government Notice R. 2314, of 20 December 1968, as follows:

Clause 10.—Sick Pay Benefit Fund

Subclause (7) is hereby amended by the substitution of the following for paragraphs (a) and (b) thereof:

"(a) For a period of three weeks—

(i) in the case of employees whose prescribed wages are up to R8.50 per week: R3 per week;

(ii) in the case of employees whose prescribed wages are over R8.50 per week but not more than R16 per week: R4 per week;

(iii) in the case of employees whose prescribed wages are over R16 per week: R6 per week;

(b) For a further period of five weeks—

(i) in the case of employees whose prescribed wages are up to R8.50 per week: R3.75 per week;

(ii) in the case of employees whose prescribed wages are over R8.50 per week but not more than R16 per week: R5 per week;

(iii) in the case of employees whose prescribed wages are over R16 per week: R7.50 per week;

(c) For a further period of eight weeks—

(i) in the case of employees whose prescribed wages are up to R8.50 per week: R3 per week;

DEPARTEMENT VAN ARBEID

No. R. 603 24 April 1970
WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956
BESKUITNYWERHEID, REPUBLIEK VAN
SUID-AFRIKA

WYSIGING VAN OOREENKOMS

Ek, Marais Viljoen, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

(a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat al die bepalings van die Ooreenkoms (hieronder die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Beskuitnywerheid betrekking het, vanaf die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Oktober 1970 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en die vakvereniging wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasie of vereniging is; en

(b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms vanaf die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Oktober 1970 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing, wat betrokke is by of in diens is in genoemde Nywerheid in die Republiek van Suid-Afrika.

M. VILJOEN, Minister van Arbeid.

BYLAE

NASIONALE NYWERHEIDSRAAD VIR DIE BESKUIT-NYWERHEID VAN SUID-AFRIKA

OOREENKOMS

ingevolge die bepalings van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, gesluit en aangegaan deur en tussen die

Employers' Organisation of the Biscuit Manufacturing Industry of South Africa

(hieronder die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasie" genoem), aan die een kant, en die

National Union of Operative Biscuit Makers and Packers of South Africa

(hieronder die "werknemers" of die "vakvereniging" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nasionale Nywerheidsraad vir die Beskuitnywerheid van Suid-Afrika, om die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 2314 van 20 Desember 1968, soos volg te wysig:

Klousule 10.—Siektebystandfonds

Subklousule (7) word hierby gewysig deur paragrawe (a) en (b) daarvan deur die volgende te vervang:

"(a) vir 'n tydperk van drie weke—

(i) in die geval van werknemers wie se voorgeskrewe loon hoogstens R8.50 per week is: R3 per week;

(ii) in die geval van werknemers wie se voorgeskrewe loon meer as R8.50 per week maar hoogstens R16 per week is: R4 per week;

(iii) in die geval van werknemers wie se voorgeskrewe loon meer as R16 per week is: R6 per week.

(b) Vir 'n verdere tydperk van vyf weke—

(i) in die geval van werknemers wie se voorgeskrewe loon hoogstens R8.50 per week is: R3.75 per week;

(ii) in die geval van werknemers wie se voorgeskrewe loon meer as R8.50 per week maar hoogstens R16 per week is: R5 per week;

(iii) in die geval van werknemers wie se voorgeskrewe loon meer as R16 per week is: R7.50 per week.

(c) Vir 'n verdere tydperk van agt weke—

(i) in die geval van werknemers wie se voorgeskrewe loon hoogstens R8.50 per week is: R3 per week;

(ii) in the case of employees whose prescribed wages are over R8.50 per week but not more than R16 per week: R4 per week;

(iii) in the case of employees whose prescribed wages are over R16 per week: R6 per week."

Signed on behalf of the parties at Cape Town on this 27th day of January 1970.

E. C. DUNNE, for Chairman of the Council.

A. SOLOMON, Vice-Chairman of the Council.

P. H. COATES, Secretary to the Council.

No. R. 607

24 April 1970

APPRENTICESHIP ACT, 1944, AS AMENDED

APPRENTICESHIP COMMITTEE FOR THE EXPLOSIVES AND ALLIED INDUSTRIES.—PROPOSED AMENDMENT OF CONDITIONS OF APPRENTICESHIP

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, acting in terms of section 16 of the above-mentioned Act, propose to—

(i) amend Government Notice R. 1173 of 4 August 1967 as applied by Government Notice R. 1731 of 27 October 1967, by the substitution for clauses 2, 3 and 6 thereof of the following clauses:

"2. Period of Apprenticeship

The period of apprenticeship shall be 3 years in the trade of Rigging and 4 years in all other designated trades in the Industries.

3. Wages

(a) An employer shall remunerate an apprentice monthly at not less than the rates specified hereunder:

(1) *An apprentice whose contract is registered on or after the date on which this amendment comes into effect:*

	Per month R
(i) In three-year trades—	
First year.....	70.00
Second year.....	80.00
Third year.....	100.00
(ii) In four-year trades—	
First year.....	70.00
Second year.....	80.00
Third year.....	100.00
Fourth year.....	120.00

(2) *An apprentice whose contract was registered before the date mentioned in (1):*

	Per month R
(i) In four-year trades—	
First year.....	70.00
Second year.....	80.00
Third year.....	100.00
Fourth year.....	120.00
(ii) In five-year trades—	
First year.....	70.00
Second year.....	80.00
Third year.....	100.00
Fourth year.....	120.00
Fifth year.....	135.00

(b) An employer shall in respect of every apprentice who is in possession of or attains such educational qualifications as indicated in clause 6 (b) supplement the remuneration to which he is entitled in terms of sub-clause (a) of this clause, by an amount not less than that indicated hereunder:

	Per month R
Group I.....	4.35
Group II.....	6.50
Group III.....	8.70
Group IV.....	10.85

(ii) in die geval van werknemers wie se voorgeskrewe loon meer as R8.50 per week maar hoogstens R16 per week is: R4 per week;

(iii) in die geval van werknemers wie se voorgeskrewe loon meer as R16 per week is: R6 per week."

Op hede die 27ste dag van Januarie 1970, namens die partye in Kaapstad onderteken.

E. C. DUNNE, namens Voorsitter van die Raad.

A. SOLOMON, Ondervoorsitter van die Raad.

P. H. COATES, Sekretaris van die Raad.

No. R. 607

24 April 1970

WET OP VAKLEERLINGE, 1944, SOOS GEWYSIG

KOMITEE VIR VAKLEERLINGE IN DIE SPRINGSTOF- EN VERWANTE NYWERHEDE.—VOORGESKEWDE WYSIGING VAN LEERVOORWAARDES

Ek, Marais Viljoen, Minister van Arbeid, handelende kragtens artikel 16 van bogenoemde Wet, is voornemens om—

(i) Goewermentskennisgewing R. 1173 van 4 Augustus 1967 soos toegepas by Goewermentskennisgewing R. 1731 van 27 Oktober 1967, te wysig deur klousules 2, 3 en 6 daarvan deur die volgende klousules te vervang:

"2. Leertyd

Die leertyd is 3 jaar in die ambag Takelwerk en 4 jaar in alle ander aangewese ambagte in die Nywerhede.

3. Lone

(a) 'n Werkgewer moet 'n vakleerling maandeliks minstens teen ondergenoemde skale besoldig:

(1) *'n Vakleerling wie se kontrak geregistreer is op of na die datum van inwerkingtreding van hierdie wysiging:*

	Per maand R
(i) In driejaarambagte—	
Eerste jaar.....	70.00
Tweede jaar.....	80.00
Derde jaar.....	100.00
(ii) In vierjaarambagte—	
Eerste jaar.....	70.00
Tweede jaar.....	80.00
Derde jaar.....	100.00
Vierde jaar.....	120.00

(2) *'n Vakleerling wie se kontrak geregistreer is voor die datum in (1) gemeld:*

	Per maand R
(i) In vierjaarambagte—	
Eerste jaar.....	70.00
Tweede jaar.....	80.00
Derde jaar.....	100.00
Vierde jaar.....	120.00
(ii) In vyfjaarambagte—	
Eerste jaar.....	70.00
Tweede jaar.....	80.00
Derde jaar.....	100.00
Vierde jaar.....	120.00
Vyfde jaar.....	135.00

(b) 'n Werkgewer moet ten opsigte van elke vakleerling wat in besit is van of die opvoedkundige kwalifikasies verwerf soos in klousule 6 (b) gemeld, die besoldiging waarop hy kragtens subklousule (a) van hierdie klousule geregtig is, aanvul met minstens die bedrag hieronder genoem:

	Per maand R
Groep I.....	4.35
Groep II.....	6.50
Groep III.....	8.70
Groep IV.....	10.85

(c) The remuneration of an apprentice who attains a National Diploma or equivalent certificate during his period of apprenticeship shall be supplemented by an amount of R17.35 per month: Provided that this amount shall include any amount payable in terms of subclause (b) of this clause.

(d) Any amount to which an apprentice is entitled in terms of subclause (b) or (c) shall, where the relevant certificate or diploma is obtained during his apprenticeship, be payable as from the date of issue thereof.

(e) If an employer and a prospective major apprentice agree, before entering into a contract of apprenticeship, that remuneration shall be paid at rates higher than those prescribed in this clause, such higher rates of remuneration shall be recorded in the contract and shall be paid to the apprentice.

6. Trade Tests

(a) An apprentice shall undergo a trade test, conducted by the Departments of Labour and of Higher Education as shortly as practicable before the end of his period of apprenticeship, in the practice of the trade in which he is indentured.

(b) An apprentice who has attained educational qualifications scheduled hereunder or equivalents, may voluntarily undergo a qualifying trade test at a stage not earlier than that indicated in the Schedule. A further voluntary test or tests may be undertaken on a date or dates to be determined by the Departments of Labour and of Higher Education.

SCHEDULE

Educational qualifications attained prior to or during apprenticeship	Test may be taken voluntarily	
	In all trades except rigging	In trade rigging
GROUP I Trade Theory pass at Technical Certificate, Part II, level.....	after 3½ years	after 2½ years
GROUP II (a) National Trade School Certificate..... (b) National Junior Certificate (Technical) with Workshop Practice as one subject of success..... (c) National Technical Certificate, Part II... (d) National Intermediate Certificate (Technology) without Workshop Practice as one subject of success.....	after 3½ years	after 2½ years
GROUP III (a) National Technical Certificate, Part III (b) National Intermediate Certificate (Technology) with Workshop Practice as one subject of success..... (c) National Senior Certificate (Technology) without Workshop Practice as one subject of success.....	after 2½ years	after 2 years
GROUP IV National Senior Certificate (Technology) with Workshop Practice as one subject of success	after 2½ years	after 1½ years

(c) A fee of R6 shall be payable by an apprentice in respect of the second or any subsequent qualifying trade test undertaken on a voluntary basis in terms of this clause.

(c) Die besoldiging van 'n vakleerling wat 'n Nasionale Diploma of 'n gelykwaardige sertifikaat verwerf gedurende sy leertyd, moet met 'n bedrag van R17.35 per maand aangevul word: Met dien verstande dat die bedrag enige bedrag insluit wat ingevolge subklousule (b) van hierdie klousule betaalbaar is.

(d) Enige bedrag waarop 'n vakleerling kragtens subklousule (b) of (c) geregtig is, moet, waar die betrokke sertifikaat of diploma gedurende sy leertyd verwerf is, betaal word vanaf die datum van uitreiking daarvan.

(e) Indien 'n werkgewer en 'n voornemende meerderjarige vakleerling, voordat hulle 'n leerlingskontrak aangaan, ooreenkom dat 'n hoër besoldiging betaal moet word as dié wat in hierdie klousule voorgeskryf word, moet sodanige hoër besoldiging in die kontrak gemeld en aan die vakleerling betaal word.

6. Ambagstoetse

(a) 'n Vakleerling moet so kort moontlik voor die einde van sy leertyd 'n ambagstoets, wat deur die Departement van Arbeid en die Departement van Hoër Onderwys afgeneem word, aflê in die praktyk van die ambag waarvoor hy ingeboek is.

(b) 'n Vakleerling wat die opvoedkundige kwalifikasies wat in onderstaande Bylae gemeld word of gelykwaardige kwalifikasies verwerf het, mag 'n kwalifiserende ambagstoets vrywillig ondergaan in 'n stadium wat nie vroeër mag wees nie as dié in die Bylae hieronder gemeld. 'n Verdere vrywillige toets of toetse mag onderneem word op 'n datum of datums wat deur die Departement van Arbeid en die Departement van Hoër Onderwys bepaal word.

BYLAE

Opvoedkundige kwalifikasies behaal voor of gedurende leerlingkap	Toets mag vrywillig afgelê word	
	In alle ambagte behalwe takelwerk	In ambag takelwerk
GROEP I Ambagsteorie waarin daar op die peil van Tegniese Sertifikaat, Deel II, geslaag is..	na 3½ jaar	na 2½ jaar
GROEP II (a) Nasionale Ambagskoolsertifikaat..... (b) Nasionale Junior Sertifikaat (Tegnies) met werkwinkelpraktyk as een van die vakke waarin geslaag is..... (c) Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel II (d) Nasionale Intermediêre Sertifikaat (Tegnologie) sonder werkwinkelpraktyk as een van die vakke waarin daar geslaag is	na 3½ jaar	na 2½ jaar
GROEP III (a) Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel III (b) Nasionale Intermediêre Sertifikaat (Tegnologie), met werkwinkelpraktyk as een van die vakke waarin daar geslaag is.. (c) Nasionale Senior Sertifikaat (Tegnologie) sonder werkwinkelpraktyk as een van die vakke waarin daar geslaag is	na 2½ jaar	na 2 jaar
GROEP IV Nasionale Senior Sertifikaat (Tegnologie), met werkwinkelpraktyk as een van die vakke waarin daar geslaag is.....	na 2½ jaar	na 1½ jaar

(c) 'n Bedrag van R6 is deur 'n vakleerling betaalbaar ten opsigte van die tweede of enige daaropvolgende kwalifiserende ambagstoets wat op 'n vrywillige grondslag kragtens hierdie klousule onderneem word.

(d) An apprentice undergoing a trade test in terms of this clause shall in respect of the period spent in connection with one voluntary trade test and the compulsory trade test be paid his ordinary remuneration by his employer in respect of such period of absence from work.

(e) A period of absence from work for the purpose of undergoing a trade test in terms of subclause (a) and (b) of this clause shall not be deemed to be lost time.”;

(ii) determine that the conditions set out above shall, from the date of prescription thereof, also apply to apprentices who are employed in any trade which is or was a designated trade in the Industries and areas for which the Apprenticeship Committee for the Explosives and Allied Industries was established.

All interested persons who have any objections to the above proposals are called upon to lodge such objections, in writing, with the Secretary, Apprenticeship Committee for the Explosives and Allied Industries, P.O. Box 4560, Johannesburg, within 30 days from the date of publication of this notice.

M. VILJOEN, Minister of Labour.

(d) 'n Vakleerling wat 'n ambagstoets kragtens hierdie klousule ondergaan, moet ten opsigte van die tydperk wat bestee word in verband met een vrywillige ambagstoets en die verpligte ambagstoets, sy gewone besoldiging deur sy werkgever betaal word ten opsigte van sodanige tydperk van afwesigheid van werk.

(e) 'n Tydperk van afwesigheid van werk met die doel om 'n ambagstoets ingevolge subklousules (a) en (b) van hierdie klousule te ondergaan, word nie geag verlore tyd te wees nie.”;

(ii) te bepaal dat die voorwaardes hierbo gemeld, vanaf die datum van voorskrywing daarvan, ook van toepassing is op vakleerlinge wat in diens is in enige ambag wat 'n aangewese ambag is of was in die Nywerhede en gebiede waarvoor die Vakleerlingskapkomitee vir die Springstof- en Verwante Nywerhede ingestel is.

Alle belanghebbende persone wat beswaar teen bo-gemelde voornemens het, word aangesê om sodanige besware binne 30 dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing skriftelik in te dien by die Sekretaris, Vakleerlingskapkomitee vir die Springstof- en Verwante Nywerhede, Posbus 4560, Johannesburg.

M. VILJOEN, Minister van Arbeid.

No. R. 647

24 April 1970

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

IRON, STEEL, ENGINEERING AND METALLURGICAL INDUSTRY, REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

EXTENSION OF JOURNEYMAN-RECOGNITION AGREEMENT

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, hereby in terms of section 48 (4) (a) (i) of the Industrial Conciliation Act, 1956, extend the periods fixed in Government Notices R. 1286 of 27 August 1965, R. 1275 of 25 August 1967, R. 1399 of 16 August 1968 and R. 3144 of 22 August 1969 by a further period ending on 28 April 1972.

M. VILJOEN, Minister of Labour.

PROCLAMATION

by the State President of the Republic of South Africa

No. R. 123, 1970

Under the powers vested in me by virtue of section 20 of the South-West Africa Affairs Act, 1969 (No. 25 of 1969), I hereby further amend the Meat Trade Control Ordinance, 1962 (No. 20 of 1962), as amended, of South-West Africa, as set out in the Schedule hereto.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Tenth day of April, One thousand Nine hundred and Seventy.

J. J. FOUCHÉ, State President

By Order of the State President-in-Council:

D. C. H. UYS.

No. R. 647

24 April 1970

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

YSTER-, STAAL-, INGENIEURS- EN METALLURGIESE NYWERHEID, REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

VERLENGING VAN OOREENKOMS VIR ERKENNING AS VAKMAN

Ek, Marais Viljoen, Minister van Arbeid, verleng hierby kragtens artikel 48 (4) (a) (i) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, die tydperke vasgestel in Goewermentskennisgewings R. 1286 van 27 Augustus 1965, R. 1275 van 25 Augustus 1967, R. 1399 van 16 Augustus 1968 en R. 3144 van 22 Augustus 1969 met 'n verdere tydperk wat op 28 April 1972 eindig.

M. VILJOEN, Minister van Arbeid.

PROKLAMASIE

van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. R. 123, 1970

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 20 van die Wet op Aangeleenthede met betrekking tot Suidwes-Afrika, 1969 (No. 25 van 1969), wysig ek hierby die Vleishandelbeheerordonnansie, 1962 (No. 20 van 1962), soos gewysig, van Suidwes-Afrika, soos in die Bylae hier- van uiteengesit.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Tiende dag van April Eenduisend Negehonderd-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

D. C. H. UYS.

SCHEDULE

The Meat Trade Control Ordinance, 1962 (No. 20 of 1962), as amended, of South-West Africa, is hereby amended by the substitution for the word "Administrator" wherever it occurs of the word "Minister" and further as follows:

1. Section 1 is hereby amended by the insertion after the definition of "meat" of the following definition:

"(iiiA) 'Minister' means the Minister of Agriculture of the Republic of South Africa; (iiA)".

2. The following section is hereby inserted after section 2:

"Allowances to members of the Board"

2A. The Board may, with the approval of the Minister, determine the allowances payable out of the funds of the Board to its members and assessor members."

3. Section 9 is hereby amended by the deletion of paragraph (b).

BYLAE

Die Vleishandelbeheerordonnansie, 1962 (No. 20 van 1962), soos gewysig, van Suidwes-Afrika word hierby gewysig deur die woord "Administrateur" oral waar dit voorkom deur die woord "Minister" te vervang, en verder soos volg:

1. Artikel 1 word hierby gewysig deur na die omskrywing van "lewende hawe" die volgende omskrywing in te voeg:

"(iiA) 'Minister', die Minister van Landbou van die Republiek van Suid-Afrika; (iiiA)".

2. Die volgende artikel word hierby na artikel 2 ingevoeg:

"Toelaes aan lede van Raad"

2A. Die Raad kan, met die goedkeuring van die Minister, die toelaes vasstel wat uit die Raad se fondse betaal moet word aan sy lede en assessorlede."

3. Artikel 9 word hierby gewysig deur paragraaf (b) te skrap.

CONTENTS

No.	PAGE
PROCLAMATIONS.	
R. 119. Registration of exporters of table poultry, the cancellation of certificates of registration and the conditions with which a person shall comply before his registration takes place: Revocation	1
R. 123. Amendment of the Meat Control Ordinance, 1949	9
Agricultural Economics and Marketing, Department of	
GOVERNMENT NOTICE	
R. 649. Meat Trade Control Regulations, South-West Africa: Amendment	1
Bantu Education, Department of	
GOVERNMENT NOTICE	
R. 606. Statute of the University of the North ...	2
Customs and Excise, Department of	
GOVERNMENT NOTICES	
R. 612. Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 1 (No. 1/1/18)	3
R. 613. Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 2 (No. 2/64)	3
R. 614. Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 3 (No. 3/227)	4
R. 615. Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 4 (No. 4/61)	5
Labour, Department of	
GOVERNMENT NOTICES	
R. 603. Industrial Conciliation Act, 1956: Biscuit Manufacturing Industry, Republic of South Africa: Amendment of Agreement	6
R. 607. Apprenticeship Act, 1944, as amended: Apprenticeship Committee for the Explosives and Allied Industries: Proposed amendment of conditions of apprenticeship	7
R. 647. Industrial Conciliation Act, 1956: Iron, Steel, Engineering and Metallurgical Industry: Extension of Journeyman Recognition Agreement	9

INHOUD

No.	BLADSY
PROKLAMASIES.	
R. 119. Registrasie van uitvoerders van slagpluimvee, die intrekking van registrasiesertifikate en die voorwaardes waaraan iemand moet voldoen voordat sy registrasie geskied: Herroeping	1
R. 123. Wysiging van die Vleishandelbeheerordonnansie	9
Arbeid, Departement van	
GOEWERMENSKENNISGEWINGS	
R. 603. Wet op Nywerheidsversoening, 1956: Beskuitnywerheid, Republiek van Suid-Afrika: Wysiging van Ooreenkoms	6
R. 607. Wet op Vakleerlinge, 1944, soos gewysig: Komitee vir Vakleerlinge in die Springstof- en Verwante Nywerhede: Voorgenome wysiging van leervoerwaardes ...	7
R. 647. Wet op Nywerheidsversoening, 1956: Yster-, Staal-, Ingenieurs- en Metallurgiese Nywerheid: Verlenging van Ooreenkoms vir Erkenning as Vakman	9
Bantoe-onderwys, Departement van	
GOEWERMENSKENNISGEWING	
R. 606. Statuut van die Universiteit van die Noorde	2
Doeane en Aksyns, Departement van	
GOEWERMENSKENNISGEWINGS	
R. 612. Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae 1 (No. 1/1/18)	3
R. 613. Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae 2 (No. 2/64)	3
R. 614. Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae 3 (No. 3/227)	4
R. 615. Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae 4 (No. 4/61)	5
Landbou-ekonomie en -bemarking, Departement van	
GOEWERMENSKENNISGEWING	
R. 649. Regulasies oor die Beheer van die Vleishandel, Suidwes-Afrika: Wysiging	1

Buy National Savings Certificates

Koop Nasionale Spaarsertifikate

Registered mail carries no insurance.

Send valuables by
INSURED PARCEL POST
and
Money by means of a **POSTAL ORDER** or
MONEY ORDER.



Use air mail parcel post

———*It's quicker!*



CONSULT YOUR LOCAL POSTMASTER.

Geregistreeerde pos is nie verseker nie.

Stuur waardevolle artikels per
VERSEKERDE PAKKETPOS
en
Geld deur middel van 'n **POSORDER** of
POSWISSEL.



Stuur u pakkette per lugpos

———*dis vinniger!*



RAADPLEEG U PLAASLIKE POSMEESTER.

To ensure a

Satisfactory Telephone Service

- Read the special services and other information pages of your directory for useful hints and directions.
- Avoid long conversations.
- Be sure of the number you want before making a call.
- Answer your telephone promptly and speak distinctly.

Om 'n

Bevredigende Telefoondiens

te verseker:

- Lees die nuttige wenke en aanwysings wat op die bladsye in verband met spesiale dienste en oor ander inligting in u telefoongids voorkom.
- Maak u gesprekke so kort moontlik.
- Wees seker dat u die regte nommer het voordat u 'n oproep maak.
- Beantwoord u Telefoon onmiddellik en praat duidelik.

Buy National Savings Certificates

Koop Nasionale Spaarsertifikate